"Ons is nie so nie": Vryheid van spraak en die ontkenning van rassisme in die Afrikaanse pers

We're not all like that: Freedom of speech and the denial of racism

Herman Wasserman
Departement Joernalistiek
Universiteit van Sheffield, Verenigde Koninkryk en Universiteit van Stellenbosch
h.j.wasserman@sheffield.ac.uk

Herman Wasserman

Herman Wasserman is 'n senior lektor in die Departement Joernalistiek, Universiteit van Sheffield, Verenigde Koninkryk. Hy was voorheen 'n dosent aan die universiteite van Newcastle upon Tyne en die Universiteit van Stellenbosch (waar hy steeds 'n posisie as buitengewone medeprofessor in joernalistiek beklee). Vorige navorsingsgenootskappe sluit in 'n Fulbright genootskap by die Skool vir Joernalistiek, Indiana Universiteit, VSA, asook besoekende genootskappe aan die Universiteit van Missouri, VSA en die Raad vir die Ontwikkeling van Navorsing in die Sosiale Wetenskappe (Codesria) in Dakar, Senegal. Voordat hy die akademie betree het, het hy as joernalis gewerk by *Die Burger* in Kaapstad. Hy het artikels en boekhoofstukke gepubliseer oor globale joernalistieke etiek, joernalistiek in ontluikende demokrasieë en joernalistiek in post-apartheid Suid-Afrika. Hy was mede-redakteur van die boeke *Media Ethics Beyond Borders* (met Stephen J. Ward), *Shifting Selves: Post-apartheid Essays on Mass Media, Culture and Identity* (met Sean Jacobs) en *Power, Politics and Identity in South African Media* (met Adrian Hadland, Eric Louw and Simphiwe Sesanti) en is tans besig om 'n boek te voltooi vir Indiana University Press oor Suid-Afrikaanse poniekoerante. Hy is redakteur van die tydskrif *Ecquid Novi: African Journalism Studies* en 'n lid van die redaksionele rade van die *Journal of Mass Media Ethics*, *Global Media Journal*, *Journal of African Media Studies* en *Journal of Global Mass Communication.*

Herman Wasserman is a senior lecturer in the Department of Journalism Studies, University of Sheffield, United Kingdom. He has previously held teaching positions at the University of Newcastle upon Tyne and the University of Stellenbosch, South Africa (where he still holds a visiting position as Associate Professor Extraordinary of Journalism). He held a Fulbright fellowship at the School of Journalism, Indiana University, USA, and visiting fellowships at the University of Missouri, USA and the Council for the Development of Social Science Research in Africa in Dakar, Senegal. Before joining the academy he worked as a newspaper journalist for *Die Burger* in Cape Town. He has published articles and book chapters on global journalism ethics, journalism in emergent democracies and journalism in South Africa after apartheid. He has co-edited three books: *Media Ethics Beyond Borders* (with Stephen J. Ward), *Shifting Selves: Post-apartheid Essays on Mass Media, Culture and Identity* (with Sean Jacobs) and *Power, Politics and Identity in South African Media* (with Adrian Hadland, Eric Louw and Simphiwe Sesanti). He is currently completing a book for Indiana University Press on South African tabloids. He edits the journal *Ecquid Novi: African Journalism Studies* and is a member of the editorial boards of *Journal of Mass Media Ethics, Global Media Journal, Journal of African Media Studies* and *Journal of Global Mass Communication*.

ABSTRACT

We're not all like that: Freedom of speech and the denial of racism

The Afrikaans news media, who during the apartheid years largely served as legitimising institutions for apartheid, had to undergo significant repositioning to adapt to the changing democratic political and social environment after apartheid. This repositioning coincided with a liberal consensus in the news media in general, according to which individual rights, independence of the media, and freedom of speech were emphasised. At the same time, the Afrikaans media attempted to retain the loyalty of primarily white Afrikaans readers while having to acknowledge the new majority government in the country and to orientate itself in relation to the new centres of political power. This normative framework influenced the way in which cultural identity was constructed in news discourses, namely linked to individual rights, freedom of expression, and situated in a freemarket society. A recent example of a news discourse that brings to light the Afrikaans media's understanding of these normative values, is the coverage that was given to an incident on the campus of the University of the Free State where students filmed a racist ritual to initiate cleaning staff at a university residence. This article seeks to explore editorial comment on the incident in selected Afrikaans media to indicate how the event was interpreted and presented as an individual transgression rather than a systemic and historically-determined problem.

KEY CONCEPTS: Afrikaans media, cultural identity, ethical codes, freedom of speech, news media, racism, racist video, Reitz Four, University of the Free State

TREFWOORDE: Afrikaanse media, etiese kodes, nuusmedia, kulturele identiteit, liberale konsensus, normatiewe raamwerk, rassisme, Reitz-vier, rassistiese video, Universiteit van die Vrystaat, vryheid van spraak

OPSOMMING

Die Afrikaanse nuusmedia, wat tydens apartheid grootliks as ondersteunende instellings vir apartheid gedien het, moes met die wending ná demokrasie aansienlike herposisionering ondergaan om aan te pas by die veranderende demokratiese politieke en sosiale omgewing. Hierdie verskuiwing het gepaard gegaan met 'n liberale konsensus in die nuusmedia in die algemeen waarvolgens daar in etiese kodes en professionale raamwerke sterk klem gelê is op individuele regte, onafhanklikheid van die media en vryheid van spraak. Gepaard hiermee het gegaan 'n poging van die Afrikaanse media om die lojaliteit van hoofsaaklik wit Afrikaanse lesers te balanseer met erkenning van die nuwe politieke magstrukture in die land. Hierdie normatiewe raamwerk het 'n invloed uitgeoefen op die manier waarop kulturele identiteit gekonstrueer is in nuusdiskoerse, naamlik as gekoppel aan individuele regte, vryheid van uitdrukking en gesitueer in 'n vryemark-verbruikersamelewing eerder as binne groepsverband. 'n Onlangse voorbeeld van 'n nuusdiskoers waaruit die Afrikaanse media se hantering van hierdie beginsels na vore kom, is die dekking van die insident op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat waar studente 'n video gemaak het van 'n rassistiese inlywingsritueel.

Hierdie artikel poog om deur middel van 'n oorsigtelike ontginning van redaksionele kommentaar van geselekteerde Afrikaanse nuusmedia op die insident aan te dui hoe die gebeurtenis geïnterpreteer en aangebied is in terme van 'n raamwerk waarvolgens rassisme grootliks aangebied is as 'n individuele vergryp eerder as 'n sistemiese en histories-ingegewe probleem.

1. VRYHEID VAN SPRAAK EN DIE LIBERALE KONSENSUS[1]

Die openbare debat oor die rol van die media in post-apartheid Suid-Afrika word oorheers deur ’n sterk klem op vryheid van spraak. Die ywer waarmee daar oor hierdie grondwetlik gewaarborgde reg die waak gehou word, is te verstane in die lig van die apartheidsverlede. In die apartheidsera is daar deur middel van ’n reeks wette drakoniese beheer oor die media en meningsuiting in die algemeen toegepas. In die post-apartheid era is daar op ’n bedeling ooreengekom waarvolgens die media sigself aan etiese kodes verbind wat deur ’n stelsel van self-regulering toegepas sou word, in ’n poging om staatsinmenging te verhoed en om te verseker dat die media onafhanklik bly.

In die konteks van die media word die reg op vryheid van spraak vertolk as die noodsaak vir die media om onafhanklik van politieke belange, en veral vry van regeringsinmenging, hul werk te verrig. Uit die aantal botsings wat daar reeds tussen die media en die ANC-regering plaasgevind het (sien Wasserman & De Beer 2005), kan daar afgelei word dat die media in die post-apartheid era die reg op vryheid van spraak op robuuste wyse verdedig. Verhoudinge tussen die media en die regering was veral in die Mbeki-era besonder gespanne (Chotia & Jacobs, 2002:157). Verskeie voorbeelde van gevalle waar die media weerstand gebied het teen wat hulle gesien het as pogings om hul vryheid in te perk, kan in hierdie verband genoem word. Dit sluit in pogings deur senior ANC-amptenare om eienaarskap van Johncom (nou bekend as Avusa), die maatskappy wat verskeie invloedryke koerante besit, te bekom; ’n voorgestelde Film en Publikasies Wysigingswet wat voor-publikasie sensuur moontlik sou maak; en planne deur die ANC om ’n mediatribunaal op die been te bring as ’n alternatief vir die bestaande selfregulerende Persombudsmansisteem (Sanef 2007). Die beweerde invloed van die regering op die openbare uitsaaier, die SABC, het ’n gereelde tema in die drukmedia geword. (Sien die artikel van Fourie in hierdie uitgawe van TGW waarin dit pertinent oor die verhouding tussen die regering en die media gaan.)

Nadat Jacob Zuma as oorwinnaar uit die ANC-leierskapstryd getree het, is hy onmiddellik geskrutineer vir sy houding jeens die media. Zuma self het die media fel gekritiseer omdat hulle “polities en ideologies uit voeling is met die samelewing waarin hulle bestaan” (ANC 2008), en is hiervoor deur SANEF as sou hy ’n “vyandige ingestelheid jeens die media” hê, tipeer (Sanef 2008a).

Dit blyk dus dat die robuuste verdediging van mediavryheid gesien kan word as deel van ’n normatiewe raamwerk wat deur die Suid-Afrikaanse media ná 1994 aanvaar is, waarin die media se rol binne die nuwe demokrasie gesien word as primêr dié van ’n waghond oor die staat (sien Wasserman 2006 vir ’n meer volledige bespreking). Hierdie tipering van die media se rol maak deel uit van ’n breër liberaal-demokratiese konsensusinterpretasie van die Suid-Afrikaanse grondwet (1996) waarin die regte en vryhede van individue veral voorop staan, waar daar ’n verdeling van magte tussen die wetgewende, uitvoerende en regterlike gesag bestaan en waar burgers onbeperkte toegang tot die media behoort te geniet (Johnson & Jacobs, 2004). Beide die Uitsaaiklagtekommissie en die Persombudsman se etiese kodes lê klem daarop dat mediavryheid gebaseer is op die “fundamentele reg van die individu om ingelig te word en om vryelik menings te ontvang en te uiter” (Sanef, 2008b) en ’n “voorvereiste is vir elke persoon se ontwikkeling in vryheid” (BCCSA, 2008).

Hoewel hierdie liberaal-demokratiese raamwerk van Westerse afkoms is, het dit ook wyd inslag in ander Afrika-lande gevind – hoewel die toepaslikheid daarvan binne Afrika-gemeenskappe dikwels bevraagteken word (Nyamnyoh 2005:25).

---

[1] Hierdie onderafdeling put uit ’n meer volledige bespreking van die dominante normatiewe raamwerke in die Suid-Afrikaanse media na apartheid in Wasserman (2006).

Die Engelstalige hoofstroompers, besit deur mynkapitaal, het onder apartheid beperkte kritiek gelewer op veral die menseregteskendings van die regime sonder om die kapitalistiese onderbou van die stelsel te bevraagteken (Tomaselli, Tomaselli & Muller, 1989). Vir die Engelstalige mediagroepe het die algemene konsensus oor 'n liberaal-demokratiese normatiewe raamwerk in die post-apartheid bestel dus nie 'n fundamentele koersverandering meegebring nie. Hulle moes wel op politiek-ekonomiese vlak herstruktureer, soos beskryf deur Tomaselli (2000). Vir die Afrikaanse media, wie se ontstaan nou gekoppel is aan die ideologie van Afrikanernasionalisme en wat gedurende die apartheidsbewind ideologiese steun aan die wit minderheidsregime verskaf het, was die skuif na die nuwe bedeling aansienlik meer dramaties.

2. DIE HERPOSISIONERING VAN DIE AFRIKAANSE MEDIA[2]

'n Bemarkingsbrosjure vir die mediakonglomeraat Naspers gemik op voornemende adverteerders het in 2000 die ekonomiese mag van Afrikaanse lesers as volg beskryf:

> After the first democratic election in 1994, Afrikaans was about as fashionable as safari suits and bobby socks, with the odd crimplene suit thrown in for good measure (…) But things have changed, and Afrikaanses are not only demanding their rightful place in society. They've cast aside the old political baggage and stocked up on Louis Vuitton for some real world travel.
> (Ads 24, 2000: 2)

En voorts:

> You may have been lifting the odd eyebrow at those guttural 'g's' and rolling 'r's' you've been hearing in places like Sandton City, Hyde Park Corner and Rosebank Mall. We are, after all, talking *affluent* society, as opposed to *effluent*. Far from being the sounds of silence, these are the sounds of thousands of consumers speaking what has up until now not been everybody's favourite official language. Afrikaans.
> (Ads 24, 2000: 2)

Die beeld wat deur hierdie advertensiekopie opgetower word, skyn ver verwyderd te wees van die historiese assosiasie van die Afrikaanse media met Afrikanernasionalisme en apartheid. Die Louis Vuitton-metafoor is gepas: op die reis van apartheid na demokrasie wat in die jare 90 begin is, reis die Afrikaanse media met swaar bagasie. In 'n nuwe demokrasie moes die Afrikaanse media ontslae raak van hierdie historiese las en hulself herposisioneer binne 'n nuwe demokrasie. Die klem wat gelê word op die ekonomiese mag wat steeds in die post-apartheid bestel in die hande van Afrikaanse verbruikers is (volgens Ads24 [2000] en Media24 [geen datum] het Afrikaanssprekendes in 2000 die hoogste persentasie [32%] van jaarlike huishoudelike besteding van alle groepe in die land gehad), suggereer 'n verband tussen die agterlaat van die Afrikaanse media se historiese bagasie en die aangryp van 'n kapitalistiese verbruikerskultuur. Die aanname is klaarblyklik dat deur die Afrikaanse media aan adverteerders voor te hou as kommoditeite wat toegang bied tot 'n welvarende gemeenskap, die historiese verbande tussen hierdie einste media en Afrikanernasionalisme en apartheid verhul sal word (sonder dat vrae gevra word oor die oorsprong van hierdie welvaart binne 'n historiese sisteem van rasgebaseerde bevoorregting).

---

[2] Hierdie afdeling is 'n opsomming van 'n argument wat in meer detail gevoer word in Wasserman (2008) en Wasserman & Botma (2008). Hoewel daar weens ruimtebeperkings en ter wille van fokus in die huidige artikel slegs die een voorbeeld van die advertensiebrosjure gebruik word om die skuif na 'n verbruikersdiskoers aan te toon, word die punt met meer voorbeelde gestaaf in bogenoemde artikels.

Die metaforiek van verbruik en mobiliteit is ook tipies van ’n postmodernistiese diskoers waarbinne gehegtheid aan plek en verantwoordelikheid vir die plaaslike Ander al minder belangrik geag word (Featherstone, 2007: xx). Gesien vanuit die oogpunt van veldteorie (Bourdieu, 1979), kan die skuif van die openlik ideologiese posisie wat die Afrikaanse media onder apartheid beklee het na die skynbaar ideologievrye posisie van individuele konsumpsie binne ’n postmodernistiese diskoers aan Afrikaanse mediagehore die nodige kulturele en simboliese kapitaal verleen wat hul klasposisie kan verstewig terwyl hulle terselfdertyd bevry word van die historiese erfenis van ras en etnisiteit. Binne die oorheersende neoliberale omgewing van post-apartheid Suid-Afrika, moontlik gemaak deur ooreenkomste tussen elites (sien Bond 2000), maak ekonomiese mag dit moontlik om aan die lastige bande van ras, taal, kultuur en etnisiteit te ontkom.

Die kulturele kapitaal wat bekom word deur middel van finansiële kapitaal is ook belangrik binne ’n wyer konteks as die plaaslik Suid-Afrikaanse een. Vir ’n maatskappy soos Naspers, wat gebou is op Afrikanerkapitaal maar nou as multi-nasionale maatskappy ’n speler geword het binne ’n geglobaliseerde mark, het dit nodig geword om aan te toon dat hy die nuwe politieke bestel erken en die verlede agtergelaat het.

Tog was hierdie herposisionering nie bloot so eenvoudig as ’n skuif van ideologie (Afrikanernasionalisme) na individualisme (verbruikerskultuur) nie. Terwyl daar enersyds ’n duidelike poging was om die Afrikaanse taal en kultuur te herdefinieer as ’n kommoditeit wat aan ’n niche-mark verkoop kan word, eerder as ’n merker van etniese identiteit, is hierdie verbruikersdiskoers tog versigtig (hoewel soms onseker en onstabiel) gebalanseer met ’n nuwe Afrikaanse identiteitspolitiek. Die ekonomiese status van Afrikaanssprekendes is dikwels voorgehou as ’n rede waarom lede van hierdie groep se eise op minderheidsregte ernstig opgeneem behoort te word. Die skakel tussen verbruik en kulturele identiteit was ook in die Afrikaanse media se kommersiële belang aangesien hulle staatmaak op die voortbestaan van ’n mark vir Afrikaanse produkte. Hierdie skakel is as volg deur ’n voormalige redakteur van *Die Burger* uitgedruk:

> (D)it is hoe ek as koerantredakteur en sakeman daarvan hou om na Afrikaans te kyk: Watter rol speel Afrikaans in die wêreld van koop en verkoop? Wat bied Afrikaans vir sy sprekers waar produkte en geld van hand verwissel? Wat baat Afrikaans vir diegene wat sake doen? Is ons besig om ’n taal te red of te bevorder? Of is ons besig om *met* en *in* die taal te woeker ter wille van voortbestaan?
>
> Iemand het op ’n keer gesê as jy wil hê die swart renoster moet nooit uitsterf nie, moet jy probeer om van swart renosters melkbeeste te maak. Nutsdiere loop nooit die gevaar van uitsterf nie. Dien ’n ekonomiese doel en mense stel in jou belang. Wees bemarkbaar en jy gaan moeilik uitsterf. Afrikaans is bemarkbaar.
> (Rossouw 2001)

Hoewel Rossouw argumenteer vir ’n gesofistikeerde, ekonomies gedrewe bevordering van Afrikaans, het die Afrikaanse media veral tydens die beginjare van die demokratiese oorgang ’n ruimte gebied aan meer reaksionêre stemme. Die sogenaamde ‘taalstryd’ teen die afskaling van Afrikaans in die openbare uitsaaier, die staatsdiens en die handel het in die blaaie van Afrikaanse koerante gewoed. Veral die Kaapstadse dagblad *Die Burger* het tydens die redakteurskap van Ebbe Dommisse, dit duidelik probeer maak dat die ANC-regering vyandiggesind teenoor Afrikaners en Afrikaans is. Lesers se vrees vir Kommunisme is uitgebuit deur deurgaans na die ANC te verwys as die “SAKP/ANC-alliansie”. Die Waarheids-en-versoeningskommissie (WVK) is gedemoniseer; en Engelse akronieme is op sarkastiese wyse gebruik om te verwys na die Suid-Afrikaanse Lugdiens en die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (terwyl soortgelyke internasionale afkortings verafrikaans of gefonetiseer is). *Rapport* het ook ’n mondstuk vir ontnugterde Afrikaanssprekendes geword,

hoewel die redakteur, Tim du Plessis, beweer die koerant het "daardie beeld afgeskud" (Wasserman, 2005: 19). *Beeld* was tydens die oorgangsjare meer verwelkomend teenoor die veranderende politieke bestel. Dié koerante se moedermaatskappy Naspers het geweier om voor die WVK te getuig oor die media se rol tydens apartheid en die verklaring deur 'n groep joernaliste wat die moed van hul oortuiging gehad het om teen die maatskappy se besluit in hul eie verklaring by die WVK in te dien, is kwaai gekritiseer deur die topbestuur.

Die volgehoue aandag aan kwessies van taal en kultuur in die Afrikaanse media kan gesien word as 'n poging om veral die winsgewende wit deel van hul leserskap te behou, onder wie die vrees dat Afrikaans sou "uitsterf" groter was as onder bruin Afrikaanssprekendes (Schlemmer, 2001:95). Nietemin is daar gepoog om die wit en bruin sprekers van die taal te verenig in die taalstryd, byvoorbeeld deur die besturende direkteur van Naspers, Ton Vosloo, wat terselfdertyd gewaarsku het dat 'n gepeuter met die amptelike status van Afrikaans die stryd van die Ierse Republikeinse Leër, die Baske en die ANC na kinderspeletjies sou laat lyk (*Beeld,* 4 Mei 1991: 9; sien ook Kriel, 2006: 64).

'n Interessante balans tussen die kommodifisering van Afrikaans en die bedryf van minderheidspolitiek is in die Afrikaanse media bewerkstellig (sien Botma 2006). Terwyl eersgenoemde proses hand-oor-hand toegeneem het met Afrikaans wat al hoe meer uit die openbare na die private terrein beweeg het (hier sou 'n mens inisiatiewe soos die reeks kunstefeeste, geborg deur Afrikaanse mediamaatskappye, die betaalkanaal KykNet en 'sinergie' tussen Afrikaanse media en die handelsektor kon noem, sien Botma 2006), is taalpolitiek in die blaaie van die Afrikaanse media bevorder. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat hierdie minderheidspolitiek juis vir sy morele regverdiging afhanklik was van 'n aanvaarding van die terme van die nuwe, post-apartheid Grondwet, waarvolgens minderheidsregte en die amptelike status van Afrikaans gewaarborg is. Die proses wat hom dus in die Afrikaanse media afgespeel het, was dus volkome binne die diskoers van liberale demokrasie, veral ten opsigte van die vertolking van hierdie demokrasie as 'n stelsel wat die regte van individue en minderhede, 'n vryemarksisteem en vryheid van spraak waarborg.[3]

Wat is die implikasie van hierdie koppeling van 'n vryemarkfilosofie en liberale demokrasie vir die manier waarop die Afrikaanse media rassisme beskou het? In die res van die artikel sal daar kortliks by hierdie implikasies stilgestaan word, voordat die argument geïllustreer word met 'n onlangse voorbeeld.

3. "ONS IS NIE ALMAL SO NIE"[4]: STRATEGIESE ONTKENNING VAN RASSISME

Die klem op individualiteit in die liberaal-demokratiese raamwerk waarbinne die Afrikaanse media hulself geposisioneer het en die gepaardgaande kommodifisering van kulturele identiteit het

[3] Een van Media24 se dagblaaie, *Die Burger*, stel dit eksplisiet in sy redaksionele beleid dat "die vryemark-ekonomie" een van sy waardes is (die ander waardes is "'n veelparty-demokrasie", "persoonlike vryheid", "vryheid van die pers" en "volwaardige status vir Afrikaans").

[4] Hierdie frase, oorspronklik geskep deur Goosen (1990), is deur ten minste drie rubriekskrywers in die Afrikaanse media, Kay Karriem, Desmond Painter en Rene-Jean van der Berg, gebruik om te wys op die reaksie in die Afrikanergemeenskap op die UV Reitzkoshuisvideo. Die gesamentlike verklaring van elf organisasies uit die Afrikaanse gemeenskap (insluitende Solidariteit, die FAK, die ATKV, die Voortrekkers en die Afrikanerbond) het ook die woorde bevat: "Dié studente se waardes is nie tiperend van dié van die breë Afrikanergemeenskap nie. Dit is eenvoudig nie ons nie", lui die verklaring van onder meer Solidariteit, die FAK, die ATKV, die Voortrekkers en die Afrikanerbond (Rapport 2008a). Hierdie ontkenning, wat die voorval toeskryf aan indivduele studente, bevat geen

implikasies vir die manier waarop rassisme beskou kan word. Dit word binne so 'n diskoers nou moontlik – selfs noodsaaklik – vir rassisme om gesien te word as die vergrype van 'n individu eerder as 'n verskynsel wat sy wortels het in die verlede. Deur Afrikaanse identiteit te posisioneer binne 'n diskoers van vooruitgang en verbruik, word dit strategies moontlik om amnesie te bewerkstellig, om die skakels tussen die teenswoordige en die historiese uit te wis sodat daar voortbeweeg kan word. Die gebruik van die vryemarkfilosofie as 'n model vir nierassigheid hang ook saam met die liberale siening van die mark as "kleurblind" (Durrheim et al. 2005:168).

Daar is reeds aangetoon hoedat die Afrikaanse media sigself in die post-apartheidsperiode herposisioneer het binne hierdie vryemarkdiskoers. Daar sal vervolgens voortgegaan word om deur middel van 'n enkele voorbeeld van 'n nuusgebeurtenis te illustreer hoedat die Afrikaanse media se herposisionering binne 'n liberaal-demokratiese raamwerk gebalanseer is met 'n voortgesette bevordering van die Afrikaanse taal en kulturele identiteit. Dit sal gedoen word deur middel van 'n diskoers rondom rassisme as 'n verskynsel wat historiese wortels in die bestel van Afrikanernasionalisme en apartheid het maar wat verwerp word binne die nuwe demokratiese orde. Die delikate balans wat die Afrikaanse media moet handhaaf om enersyds rassisme te verwerp maar andersyds ook as vaandeldraer van Afrikaanse kulturele identiteit en groepsbelange op te tree, kom aan die lig in die reeks diskursiewe strategieë wat in die media ingespan word om rassisme te ontken. Hierdie strategieë sal geïllustreer word deur voorbeelde uit mediakommentaar in reaksie op die UV-inisiasievideo. Die bespreking wat volg, is dus 'n poging om aan te toon hoedat die diskursiewe strategieë van rassisme-ontkenning soos geïdentifiseer deur Durrheim et al. (2005) in joernalistieke tekste funksioneer en hoe hierdie diskursiewe strategieë verband hou met die historiese rol wat die Afrikaanse media binne die Suid-Afrikaanse samelewing speel. Die doel is dus nie om 'n uitputtende analise aan te bied van die diskoers rondom die UV-voorval nie, maar eerder om die voorval te gebruik as 'n voorbeeld vir die manier waarop rassisme binne die huidige Afrikaanse mediadiskoers uitgebeeld word.

Die voorbeeld ter sprake is 'n voorval by die Universiteit van die Vrystaat wat in Maart 2008 aan die lig gekom het. 'n Video is ontdek waarop vier vroulike swart skoonmakers werksaam by die Reitz-kamerwonings aan dié universiteit deur inwoners van dié koshuis uitgelok is om aan 'n vernederende inisiasieseremonie deel te neem, ingevolge waarvan hulle onder meer 'n brousel moes eet waarin een van die studente geürineer het. Die video het internasionaal opslae in die media gemaak en is onder meer op die webwerf YouTube beskibaar gestel. Die universiteit het in 'n verklaring (UV Digest 2008) die voorval betreur en dit 'n "geïsoleerde manifestering van teenstand teen die impak van voortdurende transformasie-inisiatiewe deur die Universiteit" genoem. Daar is ook aangekondig dat die kamerwonings gesluit sou word en 'n Instituut vir Diversiteit in die plek daarvan opgerig sal word (UV Digest 2008). Die vier studente, Danie Grobler, Johnny Roberts, Schalk van der Merwe en R.C. Malherbe, sou ook van crimen injuria aangekla word (Van Rooyen, 2008). Daar is wyd oor die voorval in die Afrikaanse media berig en kommentaar gelewer.

Daar word vervolgens nader ondersoek ingestel na die diskoers oor rassisme wat in hierdie kommentaar geïdentifiseer kan word. Vir die doel van hierdie illustrasie word op die dagbladpers gefokus, sowel vanweë die historiese belangrikheid van hierdie mediasektor in die opbou van Afrikaneridentiteit as gerieflikheidsonthalwe, aangesien die artikels op die internet gargiveer is en dus geredelik beskikbaar is vir analise.

---

aanduiding van moontlike selfkritiek ten opsigte van die historiese rol wat hierdie organisasies in Afrikanernasionalisme en apartheid gespeel het en wat moontlik steeds mag eggo in hedendaagse sienings oor etniese of kulturele identiteit nie.

3.1 Diskursiewe strategieë

Durrheim et al. (2005) verwys na die diskursiewe strategie van "ontkenning van rassisme" in die media se reaksie op die Menseregtekommissie (MRK) se ondersoek na rassisme in die media in 1999. Volgens hulle het die media met "minagting en ongeloof" gereageer op die MRK se ondersoek en bevindinge en die ontkenning van rassisme is gebruik as 'n manier om juis rassisme te herkonstrueer. Durrheim et al. (2005) haal die bekende diskoersanalitikus Teun van Dijk aan wat 'n reeks diskursiewe strategieë geïdentifiseer het waarmee rassisme ontken word, naamlik vrywarings, versagtende faktore, eufemismes, verskonings, regverdiging, blamering van die slagoffer, en omkering (Durrheim et al. 2005: 172). Sulke ontkennings maak dit moontlik vir die spreker om hom/haarself te posisioneer as nierassisties terwyl hy/sy terselfdertyd rasgebaseerde bevoordeling of bevooroordeling verdedig (Durrheim et al 2005:173).

In die analise van mediakommentaar op die inlywingsvideo by die Vrystaatse Universiteit (VU) word gebruik gemaak van die kategorieë wat Durrheim et al. (2005) geïdentifiseer het in die Suid-Afrikaanse media se reaksie op die MRK-verslag. Daar word dus deduktief te werk gegaan deur die bestaande raamwerk, soos vasgestel deur Durrheim et al (2005), toe te pas op die mediakommentare in Afrikaanse koerante na aanleiding van die VU-voorval in 'n poging om vas te stel of dieselfde diskursiewe strategieë gebruik is.

Die kategorieë hieronder bespreek is dus deurgaans gebaseer op die indeling voorgestel deur Durrheim et al. (2005), tensy spesifiek anders aangetoon. Die tekste wat gekies is vir analise het verskyn in Afrikaanse koerante en hulle is verkry deur 'n internetsoektog deur die argiewe van die hoofstroom-Afrikaanse koerante *Die Burger*, *Beeld*, *Volksblad* en *Rapport*. Slegs meningsartikels is geanaliseer aangesien hierdie tipe berig die standpunt van die koerant die duidelikste oordra, hoewel nuusberigte ook krities gelees sou kon word ten einde die onderliggende aannames en ideologiese posisie vas te stel. Hoewel hierdie meningsartikels hoofsaaklik deur redaksielede geskryf is, is enkele bydraes deur buiterubriekskrywers en korrespondente ook ingesluit. Die motivering hiervoor is dat wanneer buiterubriekskrywers prominente ruimte in 'n koerant gebied word, hul mening waarskynlik gelees sou kon word as ooreenstemmend met dié van die koerant of as bydraend tot die dominante lesing van die gebeure (binne Stuart Hall [1973] se bekende onderskeid tussen dominante, opposisionele en onderhandelde lesings).

Daar word nie voorgegee dat hierdie klein seleksie tekste 'n omvattende beeld van die Afrikaanse diskoers rondom die voorval verteenwoordig nie (daarvoor sou ten minste briewe aan die koerant ook ingesluit moes word, wat moontlik 'n teenreaksie op die heersende diskoers in mediadekking sou kon bied). Die tekste word bespreek ten einde te illustreer hoe Durrheim et al. (2005) se kategorisering van rassistiese ontkenningsdiskoers gemanifesteer het in die koerantdekking rondom die voorval, en watter implikasies dit het vir die Afrikaanse media se hantering van grondwetlike waardes soos vryheid van spraak en menslike waardigheid.

Terwyl Durrheim et al. (2005) se kategorieë deduktief toegepas word op die geselekteerde tekste, sal daar ook induktief gekyk word na moontlike bykomende of alternatiewe kategorieë wat ontstaan het. Die kategorieë is ook nie waterdig nie – daar vind dikwels oorvleueling tussen hulle plaas.

3.1.1 Splytsing

Splytsing, soos dit voorgekom het in mediareaksie op die MRK-verslag, verwys na die strategie waarvolgens daar 'n onderskeid getref word tussen verskillende tipes rassisme, byvoorbeeld aanvaarbare, 'skadelose' of selfs 'goeie' rassisme en onaanvaarbare, slegte rassisme. Hoewel die

UV-voorval soms beskou is as onskuldige studentepret eerder as kru rassisme, sou hierdie strategie eerder beskryf kon word as 'n 'ontrassing' (sien bespreking hieronder) as 'n splytsing waarvolgens sekere tipes rassisme as aanvaarbaar beskou word. Trouens, in die reaksie in Afrikaanse dagblaaie is rassisme as sulks onomwonde veroordeel – daar was wel meningsverskil oor of die UV-video 'n voorbeeld daarvan is, en indien dit was, wie daarvoor te blameer was.

3.1.2 Verplasing van rassisme

Nadat rassisme gesplyts is in aanvaarbare en onaanvaarbare vorme, word voorbeelde van onaanvaarbare rassisme verplaas na 'n gebied buite die sfeer van verantwoordelikheid. Taktieke wat hiervoor gebruik is tydens die MRK se ondersoek, was die gebruik van die lydende vorm vir stellings waarvan die media sigself wil distansieer, die media-as-spieël-metafoor waarvolgens die media bloot as passiewe weerkaatsing van die sosiale realiteit gesien word eerder as medekonstrueerder daarvan en 'n historiese blik op rassisme ten einde kontemporêre voorvalle van rassisme te relativeer. Hierby sou gevoeg kon word die individualisering van rassisme as 'n individuele vergryp eerder as 'n sistemiese probleem waaraan die media 'n aandeel het. Rassisme word dus verplaas na 'n punt buite die gemeenskap of groep. Hierdie tipe verplasing van rassisme in die geval van die Reitz-video is deur dr. Danny Titus, Direkteur:kultuur van die ATKV, genoem die "'ja-maar'-verskonings" deur Afrikaners (Scholtz 2008a). Die strategie van verplasing hang ook dikwels saam met strategieë van relativering, trivialisering of omkering van rassisme wat hieronder bespreek word.

Verskeie voorbeelde van hierdie tipe 'ja-maar'-verplasing van rassisme is gevind in mediakommentare op die UV-voorval. Een hiervan is die kommentaar van 'n rubriekskrywer in *Die Burger,* die historikus Hermann Giliomee (Giliomee 2008). Hy wys daarop dat die voorval bevestiging bied vir stereotipes oor Afrikaners en verplaas die oorsaak van die voorval (van rassisme) (wat hy verwerp as "onnoemlik onnosel ... en heeltemal verwerplik") van rassisme na ander oorsake soos die praktyk van doop en swak bestuur van die integrasieproses. Hy wys ook op die reaksie op die video as 'n poging om 'n sondebok te vind vir probleme wat die ANC-regering ondervind het. Die openbare woede wat opgevlam het in reaksie op die onthulling van die "walgvideo" word dus deur Giliomee gerelativeer as 'n manier om die blaam vir probleme in die land terug te skuif op die skouers van wittes, eerder as in die eerste plek 'n wye openbare veroordeling van rassisme. In 'n histories-retoriese skuif word die viktimisering van Afrikaners (wat boete doen vir die sondes van die ANC-regering) gelyk gestel met die vervolging van Jode in Europa in die vorige eeu:

> Nugter beskou, is die reaksie op die Reitz-voorval ook die simbool van iets anders: 'n erg verskeurde, leierlose nasie wat bitter onseker oor sy toekomsvooruitsigte is.
>
> Vir ANC-leiers was die afgelope vier maande 'n nagmerrie – die opvolgkwessie is uiters swak gehanteer, en die Eskom-debakel het al die ergste wit vermoedens oor transformasie bevestig. Vir die eerste keer was daar 'n yslike mensgemaakte ramp waarvoor blankes nie geblameer kon word nie. En toe kom die Reitz-gruwel soos manna uit die hemel Skielik is die hele Afrikanerdom en die hele Universiteit van die Vrystaat skuldig. Dít is hoe anti-Semitisme in Europa in die jare tussen die wêreldoorloë gewerk het.

Giliomee (2008) relativeer die voorval voorts deur te verwys na die "dubbele standaarde" waarvolgens "eenrassige swart koshuise of 'n klub net vir swart meningsvormers" (laasgenoemde

verwys waarskynlik na die omstrede Native Club) as toelaatbaar beskou word, terwyl daar van wittes verwag word om te integreer. Die reaksie teen die UV-voorval word verder histories gerelativeer deur te wys op die "etniese suiwering" wat wittes in die staatsdiens en openbare korporasies moes deurgaan tydens die tranformasieproses in die land.

Die verplasing van rassisme in mediakommentare het ook 'n partypolitieke doel gedien. *Volksblad* het ruimte gebied aan die leier van die Demokratiese Alliansie in die Vrystaat, Roy Jankielsohn, om in 'n meningstuk (Jankielsohn 2008) die ANC verantwoordelik te hou vir die "verswakking van verhoudinge en vertroue tussen rassegroepe in Suid-Afrika". Sy kommentaar maak ook gebruik van die strategie van relativering en omkering (sien hieronder). Die doel van Jankielsohn se betoog is om die rassisme waarvan die UV-studente beskuldig word, om te keer en voor die deur van die regering te lê:

> Die regering kan nie nie-rassigheid bepleit terwyl wetgewing raskategorieë spesifiseer nie Verder het diskriminerende regstellende aksie baie jong wit Suid-Afrikaners na die buiteland toe gedryf om werk te soek. Dit maak ouers en gesinne verbitterd teenoor die regerende party en die staat. Binne so 'n omgewing kan lojale burgers nie anders as met 'n rasse-oog na sake in die land kyk nie.

en

> Terwyl politici om elke hoek en draai die rassekaart speel, kan vier studente van Kovsies nie die skuld kry vir al Suid-Afrika se rasseprobleme nie

en

> Die ANC het egter reeds met sy selfvernietigende beleid van onder meer regstellende aksie en demokratiese sentralisme bewys dat hy bereid is om die land op te offer ter wille van sy eie rasse-obsessies.

Jankielsohn gebruik soortgelyke voorbeelde as Giliomee ter stawing van sy argument dat die ANC-regering die UV-voorval gebruik het as 'n manier om die aandag te verplaas van sy eie probleme, naamlik "die Eskom-krisis, ineenstorting van munisipaliteite se vermoë om dienste te lewer en veral die binnegevegte in die ANC".

Durrheim et al. (2008) het in die media-reaksies op die MRK se rassisme-ondersoek die gebaar van "terugkyk in die geskiedenis" geïdentifiseer as 'n strategie waarvolgens rassisme verplaas word na 'n terrein buite die betrokkenes (in die MRK se geval die media) se sfeer van invloed. Jankielsohn (2008) span ook hierdie tegniek in: "Net soos die ou Nasionale Party die kommunistiese (rooi) gevaar gebruik het om sy apartheidsdoelwitte te bereik, gebruik die ANC nou die wit gevaar om sy transformasiedoelwitte te bereik". Deur hierdie retoriese greep verplaas Jankielsohn eerstens rassisme vanuit die UV-konteks na dié van die ANC, keer hy die rassisme tweedens om om van wit mense slagoffers te maak en derdens relativeer hy rassisme as iets wat deur die geskiedenis voorkom en wat daarom die UV-geval onuitsonderlik maak.

3.1.3 Ontrassing ("deracialisation") van rassisme

Met *ontrassing* word verwys na die strategie om potensieel rassistiese uitsprake te ontneem van rasgebaseerde betekenis en die oorsake vir die toedrag van sake wat beskryf word elders te gaan vind. Tydens die MRK se ondersoek is hierdie strategie volgens Durrheim et al. ingespan deur

die media om te verduidelik dat wit slagoffers van geweld voorkeurdekking bo swart slagoffers verleen word op grond van "nuuswaardes" eerder as rassisme.

In die mediareaksie op die UV-video kan verduidelikings waarin die voorval as studentepret beskryf word, binne hierdie kategorie geplaas word. Hierdie reaksies fokus dan op omstrede feite soos of daar werklik op die swart werkers se kos geürineer is, of beskou die voorval as 'n "mistasting" of oordeelsfout deur jongmense eerder as 'n manifestasie van rassisme. Theron (2008) se nostalgiese romantisering van die macho-kultuur en "tradisie gespel met 'n hoofletter T" in die koshuis is 'n voorbeeld hiervan. Die geesdriftige ondersteuning van "ouens van ander kulture en rassegroepe" wat in die koshuisspan rugby gespeel het, dien onder meer as bewys daarvan dat die voorval "vrek onsmaaklik" eerder as rassisties was.

Die Burger se besluit om op hul webtuiste 'n peiling te plaas waarin lesers moes stem of die video gesien moes word as rassisme of onskuldige studentepret het geloofwaardigheid aan hierdie diskursiewe strategie verleen.

3.1.4 Relativering, trivialisering en omkering van rassisme

Deur rassisme te relativeer of te trivialiseer word die morele en politiese angel uit aantygings van rassisme gehaal. Hierdie strategieë maak dit voorts moontlik dat die rassisme omgekeer word – dat die pleger van rassisme uitgebeeld word as 'n slagoffer daarvan.

Relativering word soms bewerkstellig deur die gebeure te individualiseer (byvoorbeeld, in Van Staden 2008), deur rassisme toe te skryf aan 'n klein groep Afrikaners (bv *Die Burger* 2008a), deur te suggereer dat swart mense ook rassisties of "bullebakke" kan wees (byvoorbeeld *Beeld* 2008a), of selfs dat wangedrag by die ANC-jeugliga se konferensie die menseregte-skendings deur die Reitz-vier "uitkanselleer" (*Rapport* 2008a). Omkering vind plaas deur rassistiese ingesteldhede toe te skryf aan die viktimisering van Afrikaners (dus swart-op-wit rassisme), soos in *Die Burger* (2008a) se redaksionele kommentaar op die sluiting van die Reitz-koshuis (wat die koerant gesteun het as 'n "belangrike simboliese gebaar"):

> Maar dit gaan nie so maklik wees om ook 'n broodnodige kopskuif onder die videomakers en diegene wat vir hulle in die bresse tree, te bewerkstellig nie. Die gevoel bestaan steeds onder 'n beduidende groep Afrikaners dat transformasieprogramme op kampusse daarop gemik is om uiteindelik maar minderhede te assimileer en hul kultuur te vernietig.

In verskeie kommentare is die UV-voorval in verband gebring met ander onlangse voorbeelde van wit rassisme, maar soms ook met onverdraagsaamheid tussen alle rassegroepe. 'n Voorbeeld hiervan was die *Volksblad* (2008b; 2008d*)* se jukstaponering van ander voorvalle van rassistiese of etniese geweld met die UV-voorval in 'n oproep om groter introspeksie onder Suid-Afrikaners van alle rassegroepe. Hierdie jukstaponering is klaarblyklik nie 'n poging om die UV-voorval goed te praat of te veronskuldig nie, en die rassistiese video word in sterk terme veroordeel. Nietemin word die rassistiese video gerelativeer as 'n simptoom van 'n siekte waaraan alle Suid-Afrikaners ly:

> Om bloot byvoorbeeld die skuld net op wittes te pak vir dinge soos rassisme, gaan 'n misleiding wees en ons nie nader aan 'n oplossing of genesing bring nie. Dieselfde geld deur bloot swartes of bruines te wil verwyt. Oor die eeue van die mens se geskiedenis heen het sterker stamme of groepe swakkeres oorheers, verdryf of uitgemoor. Dis een van die werklikhede van die geskiedenis. Alle mutasies van velkleure was hierby betrokke. Ook in Afrika het sterker swart stamme swakkeres verdryf, oorheers of uitgemoor.

> Die koloniale era het groot vergrype gebring toe wit moondhede Afrika sinies uitgebuit het vir hul eie ekonomiese belang. Maar swart Afrikane sal eenvoudig ook dieper as dit moet kyk in die soeke na wat verkeerd is. Alle ellendes in Afrika kan nie voor die deur van die koloniale era – en dus blankes – gelê word nie. In terme van die hele geskiedenis was dit 'n betreklike kort era.

Enkele maande later skakel *Volksblad* (2008d) ook die xenofobiese aanvalle met die UV-voorval. Die UV-voorval word gejukstaponeer met "aaklige voorvalle van swart teen swart geweld" in 'n beroep op groter wedersydse verdraagsaamheid tussen Suid-Afrikaners. Hoewel die "walgvideo" geensins goedgepraat word nie, word rassisme gesien as 'n endemiese probleem in die Suid-Afrikaanse samelewing in die breë:

> Deur die eeue was dit in die mens- en diereryk 'n werklikheid dat sterkeres swakkeres doodgemaak of weggejaag het om eerste by kos te kom. Dis nie net 'n wit kwaal nie. Ook swart stamme het swakker stamme of groepe deur die eeue heen in Afrika doodgemaak of verdryf om vir hulself die beste toe te eien.

Hoewel 'n breër perspektief op rassisme uiteraard wensliker is as 'n geïsoleerde fokus op gebeure soos hulle gebeur, verskuif *Volksblad* se fokus so wyd ("deur die eeue ... in die mens- en diereryk") dat dit rassisme uiteindelik relativeer deur dit in algemeen-menslike en psigologiese eerder as in sistemiese of politieke terme te sien. Rassisme word dan beperk tot 'n psigologiese patalogie wat latent teenwoordig is by alle mense, eerder as 'n houding wat spruit uit spesifieke, lokale strukturele faktore soos die voortgesette hoogs ongelyke sosiale en ekonomiese magsverhoudinge in die land. In sy verduideliking van die psigologiese oorsake van die UV-vooval wys Jordaan (2008a) ook daarop dat die studente se gedrag toegeskryf kan word aan 'n proses van "de-individuasie" waarvolgens mense in groepsverband optree op 'n wyse wat hulle as individue nie sou gedoen het nie maar hy lê die klem anders as wat *Volksblad* in sy redaksionele kommentaar gedoen het. Jordaan bring hierdie groepsgedrag in verband met die toe-eiening van 'n hiërargie van meerderes en minderes, wat gewortel is in 'n bepaalde kultuur. Daarmee word moontlik die ruimte gelaat vir 'n interpretasie wat die Reitz-vier se gedrag eerstens in die kleiner groepsverband van 'n koshuis plaas, maar dit ook plaas binne die breër Afrikanerkultuur. So 'n interpretasie sou dan wel eerder neerkom op kulturele selfkritiek as op 'n psigologiese relativering van die gedrag.

Die verwerping van kollektiewe skuld vir die UV-voorval (en dus by implikasie die individualisering van rassistiese gedrag) het soms die vorm aangeneem van 'n trivialisering van die gebeure. Van Coller (2008) bekla die klad wat die voorval op sy posisie as UV-personeellid geplaas het deur sy nie-betrokkenheid by die voorval (op die kampus waar hy doseer) op gelyke voet te plaas met sy rol as toeskouer by 'n rugbywedstryd:

> My lang gesig is dus die gevolg van al die kollektiewe skuld waaraan ek my kruppel dra. As inwoner van Bloemfontein en die Vrystaat én ondersteuner van die Cheetahs is ek aandadig aan elkeen van die sewehonderd en dertien duikslae wat hulle tot op datum in die Super 14-wedstryde gemis het. As UV-personeellid word ek in die beskuldigdestoel geplaas oor die Reitz-video. Daarom is ek ook skuldig aan ál die ander foute ooit op kampus: kafoefel in karre, diefstal, beskadiging van eiendom, swak bestuur en loodswaaiery.

Nadat op dié trant voortborduur word deur onder meer skuld te "erken" aan sy kolonialistiese voorvaders se verbouing van groente wat meegebring het dat hy en sy "arme gesinslede elke dag 'n porsie of wat kool of pampoen na binne moet werk", is die slotsom van Van Coller se sarkastiese betoog dat die verontwaardiging oor die UV-voorval misplaas is in die lig van "2000

vermoorde en gemartelde boere" waaroor "geen siel iets te sê" het nie. Behalwe dat Van Coller se bewerings oor die gebrek aan beriggewing oor misdaad (by implikasie waar dit wit slagoffers aangaan) onakkuraat[5] is, dien dit ook die funksie om die inherente rassisme waarvan die UV-voorval simptomaties is, te relativeer en te trivialiseer.

Die bewering dat die media wit-op-swart-geweld en rassisme oorbeklemtoon en swart-op-wit-geweld onderbeklemtoon, is ook gemaak deur die Vryheidsfront+ in 'n aanval op *Volksblad*. Die koerant het hierdie bewering ten sterkste ontken en daarop gewys dat daar slegs na ras in berigte verwys word wanneer dit duidelik word dat voorvalle "in rasse-kwessies ontaard" (Volksblad 2008c). Hierdie benadering stem ooreen met die Perskode (Sanef 2008b) wat bepaal dat ras (soos kleur, etnisiteit, godsdiens, gender of seksuele oriëntasie) slegs genoem mag word in beriggewing wanneer dit direk relevant is tot die saak waaroor berig word. Hoewel hierdie bepaling gemik is daarop om rassestereotipering te voorkom, sou 'n mens kon redeneer dat dit ook kan bydra tot die 'neutralisering' van ras in die openbare diskoers tot so 'n mate dat voortgesette rassespanning, rassevooroordele en korrelasie tussen ras en klas moontlik nie die mate van aandag in mediadiskoers geniet wat dit andersins sou nie. Die gevolg daarvan is dat rassisme onder die oppervlak van die openbare sfeer prut en slegs in ekstreme gevalle soos dié van die UV-video uitbars en 'n krisis veroorsaak.

Die gelyktydige verwerping, relativering, verplasing en omkering van rassisme kom waarskynlik die beste na vore in *Rapport* se redaksionele kommentaar (Rapport 2008b) waarin hulle die gebeure by UV "onvoorwaardelik" veroordeel. In dié kommentaar word daar wel geargumenteer dat dit onregverdig sou wees om "die hele Afrikaanse gemeenskap te beklad met die optrede van 'n hand vol studente". Daar vind egter ook 'n omkering van rassisme plaas deur te beweer dat rassisme verdoesel word wanneer wit mense slagoffers daarvan is. Die relativering wat hierdie omkering in die hand werk, word egter in 'n mate beperk deurdat rassisme onmiddellik daarna weer veroordeel word:

> Wat onder meer na die oppervlak geborrel het, is opgekropte woede by wit Suid-Afrikaners dat 'n groot bohaai ontstaan telkens as wittes die uitdelers is van rassisme, maar dat ras uitgeborsel word wanneer swartes die plegers en wittes die slagoffers is.
>
> Alle Suid-Afrikaners moet uit alle oorde die boodskap kry dat alle rassistiese optrede, ongeag van wie dit kom, in gelyke maat verwerplik is. As dít moet behels dat daar meer robuus en reguit oor ras gepraat word, dan moet dit maar so wees.

Hierop reageer 'n rubriekskrywer in *Volksblad,* Danny Titus (Titus 2008) verontwaardig:

> Laasgenoemde is darem wragtag nie die punt nie. Bly maar eers by die walging, want sulke stellings ontkrag onmiddellik die opregtheid waarmee die verwerping geskied.

Karriem (2008) kritiseer ook *Rapport* vir hierdie standpunt, en Esterhuysen (2008) vra of Afrikaanse koerante nie onregstreeks bydra tot 'n klimaat waarin rassisme kan gedy nie.

---

[5] Volgens navorsing deur die media-analise instituut Media Tenor (Media Tenor voorlegging oor Misdaadverslaggewing, 2008; persoonlike kommunikasie Wadim Schreiner), is misdaad steeds hoog op die agenda van alle Suid-Afrikaanse koerante. Moord en ander geweldsmisdaad bly deurgaans dié tipe misdade waaroor die meeste berig word. In die eerste ses maande van 2008 is 52 nuusartikels gewy aan plaasmoorde – 70% hiervan was in koerante met 'n tradisioneel swart leserskap (byvoorbeeld *City Press* en *Sowetan*). Hierdie syfers toon aan dat die media beslis nie stil is oor plaasmoorde of geweldsmisdade nie, nóg dat dit slegs Afrikaanse of 'wit' koerante is wat aan hierdie tipe geweldsmisdade aandag skenk.

Rapport se redakteur, Tim Du Plessis (2008b), het weer op Titus se aanval gereageer deur te wys op ’n oorskryffout en hom van kwade trou beskuldig. Volgens Du Plessis het die hoofartikel nie bedoel om die woede in die Afrikanergemeenskap aan te voer as ’n verskoning vir die gebeure of om dit te relativeer nie. Du Plessis gaan wel verder om die UV-video te sien as ’n “simptoom van ’n sistemiese kwaal” waaraan wit sowel as swart mense ly: “Die Forum vir Swart Joernaliste is ’n ander simptoom. Ook die Skierlik-skietery en die kwaito-sanger wat sing jaag weg die wit mense”. Hier is wel sprake van ’n relativering – ’n gelykstelling van die UV-voorval met ander voorvalle van rassisme.

Die vraag is dus of *Rapport* se bedoeling duidelik genoeg verwoord is, ook in die lig van ander kommentare in die koerant wat saam ’n diskoers oor UV vorm, om die soort lesing wat deur Titus verskaf is, te verhoed.

3.1.5. Kollektiewe aanvaarding van rassisme en selfkritiek

By die lees van die geselekteerde tekste ten einde vas te stel of Durrheim et al. (2005) se kategorisering van toepassing is op die reaksie van Afrikaanse koerante op die Reitz-videovoorval, is ’n bykomende kategorie geïdentifiseer wat na vore gekom het in die diskoers in menings-kolomme. Hierdie kategorie beskryf die groep tekste wat kritiese introspeksie gebied het op die voorval deur kollektiewe skuld of verantwoordelikheid vir die voorval te erken, of deur aan te dring op ’n wyer ondersoek na rassisme in die land, sonder dat so ’n oproep ontaard in ’n strategie van ontkenning. Hierdie selfkritiek sluit ook in ’n kritiese blik op die media, wat as ’n vorm van selfkritiek beskou kan word aangesien die skrywers óf voltyds deel is, óf deeltyds betrokke is deur bydraes te lewer. Die kritiek neem ook soms pertinent die vorm aan van ’n uitwys van die strategieë van ontkenning soos hierbo bespreek.

Hoewel verskeie kommentators (byvoorbeeld Scholtz 2008b, *Volksblad* 2008e) sterk krities is ten opsigte van die UV se pogings om die rassistiese voorval te ontlont en die herhaling daarvan te vermy, was hierdie kritiek dikwels eerder gerig op die bestuur van die Universiteit, die Afrikaner-studentekultuur by die UV en ander belanghebbers (soos politieke partye) eerder as op Afrikaner-kultuur en -instansies (waarby die media ingesluit sou kon word).

Daar was egter ook verskeie voorbeelde van koerantkommentare waarin ’n oproep gedoen is op Afrikaners om die voorval te gebruik as ’n geleentheid tot introspeksie en selfkritiek.

’n Subtiele en genuanseerde vorm van selfkritiek is te vinde in Etienne van Heerden se bydrae tot die debat (Van Heerden 2008). Hy wys op die polisemiese aard van die video-as-teks en die moontlikheid om verskeie interpretasies daaraan te heg. In stede daarvan om die video eenduidig te plaas binne ’n kousale ketting van oorsaak-en-gevolg, sien Van Heerden die voorval as ’n teks wat vra om gelees te word binne ’n historiese (en toekomstige) konteks van magsverhoudinge in die land wat ’n kritiese ingesteldheid vra van sowel wit as swart Suid-Afrikaners:

> Ja, só word tekste – ook videotekste – dikwels gelees. Die teks doen veel meer as om net ’n ou storietjie te vertel. En hy speel sy verhaal uit binne ’n konteks.
>
> En dis hoekom die Bloemfonteinse speelfilm vir my nogal lyk soos ’n voorprent vir iets wat al afgespeel het. ’n Soort lokprent vir die verlede, wat ons al gemeen het verby is.
>
> Die Bloemfonteinse videoclip-as-konstruksie het simboliese betekenis wat ver verby die mure van die Republiek van Reitz uitsaai. Dit kaats diep die verlede in en gooi ’n skaduwee ver in die toekoms en betrek, by implikasie, alle Afrikaners en alle swartmense.

Die duidelikste aanmanings dat verantwoordelikheid vir die UV-voorval nie geïndividualiseer moet word nie, het gekom van Painter (2008) en Du Preez (2008). Painter wys op die retoriese

funksie van die ontkenning van rassisme en die verskeie strategieë wat daarvoor aangewend word. Hy bepleit 'n gemeenskaplike aanvaarding van skaamte vir die voorval, waardeur die aandadigheid van verskeie instansies en persone aan die voorval erken word. So 'n erkenning van aandadigheid sal politieke betekenis inhou sonder om te verval in politiek korrekte gedienstigheid of 'n self-viktimisasie:

> 'n Politieke bewussyn wat 'n oorsprong het in skaamte, in 'n woede wat na binne gerig is, is die teenoorgestelde van 'n sentimentele politiek van slagofferskap – 'n politiek wat immers, vir die selfkoesterende aard daarvan, eintlik skaamteloos is. (Painter 2008)

Du Preez bring die voorval in verband met onlangse rassistiese geweldsvoorvalle deur Afrikaner-jeugdiges wat in die media as onderskeidelik die Waterkloof-Vier en die Skierlik-skieter bekend geword het, en meen die oorsake vir die voorvalle moet in die Afrikaner-gemeenskap (waarbinne Du Preez homself ook plaas) eerder as by die betrokke individue gesoek word:

> Hierdie skurke kom nie van Mars af nie. Hulle kom almal uit een gemeenskap. Die wit Afrikaner-gemeenskap. My gemeenskap. Dis net logies om te aanvaar dat daar waarskynlik duisende ander is wat soos hulle dink en voel en dieselfde sal doen as hulle deur soortgelyke omstandighede gekonfronteer word. Dié gedagte gee my koue rillings.
>
> Hierdie jongmense is nie deur die Afrikanerpolitici van die Totale Aanslag of tydens militêre diensplig gebreinspoel nie. Hulle was in die laerskool toe Suid-Afrika in 1994 'n demokrasie geword het. Nelson Mandela was die eerste swart leier van wie hulle as opgeskotenes kennis geneem het. Nee, hierdie outjies het by hul pa's en ma's en ooms en tantes geleer om swart mense te minag en te vrees. 'n Mens sou dink hul onderwysers, hul dominees, die Afrikaner-politici en gemeenskaps- en kultuurleiers asook die Afrikaanse media sou help om dié gif wat hulle saam met hul moedersmelk ingekry het, in die postapartheid samelewing teë te werk.

Du Preez sluit ook die Afrikaanse media in by diegene wat die skuld moet dra aan 'n kollektiewe slagoffermentaliteit wat bydra tot onverdraagsaamheid:

> Akademici en geleerde rubriekskrywers skryf hul penne leeg oor die regte van minderhede, oor hoe moreel bankrot die ANC is en nog altyd was en oor die apartheidsjare wat dalk nie so erg was soos sommiges meen nie. Redakteurs en ontleders vertel die wêreld dat die De la Rey-verskynsel wat sekere jongmense se asem so opgejaag het, net gesonde kultuuruitinge is. Universiteite verhef 'n man wat sê swart mense is geteel om misdadigers te wees tot 'n intellektueel op 'n verhoog, en koerantredakteurs nooi hom en mense soos hy om rubrieke te skryf sonder dat die teenpool ewe luid gestel word.
>
> Al dié soort mense moet 'n deel van die skuld dra waarom soveel Afrikaners vandag diep beswaard, ongeliefd en gemarginaliseerd voel en glo hulle word deur die staat, die regering en die meeste swart mense gehaat. En waarom ons Afrikaner-jongmense ons vandag so in die skande steek.

Du Toit (2008) huiwer om in dieselfde mate as Du Preez kollektiewe skuld vir die voorval aan Afrikaners toe te dig, maar besef dat die video tog veralgemenings oor Afrikaners tot gevolg sal hê. Hy oorweeg die moontlikheid dat daar waarheid in sulke veralgemenings steek: "Is dit wat by Reitz gebeur het nie dalk tog verteenwoordigend van die breë Afrikaner-samelewing nie? Die video laat dié aanname beslis nie vergesog lyk nie" en

> Dit laat mense wonder of Afrikaners, indien hulle nie gewoon rassiste is nie, 'n inherente meerderwaardigheidsgevoel teenoor swart mense het: 'n Houding dat die "witman" altyd beter is as die swarte, maak nie saak wat die omstandighede is nie. Dat die witte uit die staanspoor 'n beter rugbyspeler is, 'n beter dokter of 'n beter staatsamptenaar.
>
> Moontlik is alle Afrikaners nie die stereotipe brandewyn-en-Coke-rassiste nie. Maar dalk is die gedrag van die Reitz-studente 'n manifestering van die ewigdurende "maak nie saak wie regeer nie, ons bly beter as julle"-mentaliteit.

Hierdie houding word volgens hom versterk deur 'n slagoffer-mentaliteit. Een van die kommentators wat deur Du Toit aangehaal word, die sosioloog Andries Bezuidenhout, lê die oorsaak van hierdie mentaliteit ook voor die deur van die Afrikaanse media:

> Bezuidenhout voer aan die Afrikaanse media skep met hul dekking van geweldsmisdade die indruk dat daar ''n aanslag' op wit mense is en dit is die verantwoordelikheid van koerante 'om die ras-ding uit beriggewing te haal – 'n swarte in hierdie land se kanse is steeds vier maal groter om vermoor te word as 'n witte s'n'.

Smith (2008a;2008b), Media24 se verteenwoordiger in die VSA, het daarop gewys dat in mediaberiggewing in die VSA die UV-voorval gesien is as 'n refleksie van rassistiese houdings onder Afrikaners as 'n groep. Hoewel Smith nie die aanvaarding van kollektiewe skuld aanmoedig nie, wys hy wel op die rol wat Afrikaanse populêre kultuur en die diskoers om minderheidsregte vir Afrikaners speel in die ondersteuning van rassistiese houdings. Smith doen dan 'n beroep op "regte Afrikaners" om op te staan en mee te werk om versoening te bewerkstellig in die land en om Afrikaners se beeld in die buiteland te herstel. Cornelissen (2008) maak 'n soortgelyke beroep op 'n deel van die Afrikanergemeenskap as hy vra dat "ons as ouers en denkende wittes" moet begin om rassistiese Afrikaners "op hul plek te sit en reg te help".

Van Staden (2008) se ope brief aan die vier studente wat die rassistiese video gemaak het kom aanvanklik voor as soortgelyk aan Smith se kommentaar omdat Van Staden ook wys op die klad wat die voorval op die reputasie van Afrikaners wêreldwyd gebring het. Anders as Smith, bring Van Staden egter nie die gebeure in verband met Afrikaner-kultuur (en by implikasie 'n groepsmentaliteit) nie, maar hy beskou die daders as individue. Hy weier om na hulle as die "Reitz-vier" te verwys en spreek hulle op hul name aan sodat hyself ook nie met hulle geassosieer hoef te word nie:

> En ek wil nie nou enige algemene etikette om jul nekke hang nie. Net soos ek ook nie graag nou die etiket van rassis of wat ook al om my nek wil hê bloot omdat ek ook wit en Afrikaans is en in Bloemfontein bly nie. (Van Staden 2008)

Derhalwe kan hy ook tot die gevolgtrekking kom dat "baie Afrikaanse wit mense (...) nou deur die wêreld heen *onverdiend* as gemors beskou word" (Van Staden 2008, my kursivering).

'n Beroep op introspeksie en 'n breë openbare debat oor rassisme is ook gedoen deur Taljaard (2008). Hoewel sy erken dat gevoelens van marginalisering in die wit gemeenskap bestaan, is sy emfaties daaroor dat hierdie gevoelens nie as verskoning vir rassisme mag dien nie. Taljaard se aandrang op 'n wyer debat oor rassisme word egter nie gebruik as 'n verplasingstrategie om rassisme te relativeer as 'n algemeen menslike of samelewingswye probleem nie. Deur te wys op die voortslepende nalatenskap van apartheid op houdings en vooroordele, poog sy om die

oorsake waarvan die UV-voorval die simptoom is, bloot te lê. Haar reaksie verskil dus van die verplasing-, relativering- en omkeringstrategieë wat by ander skrywers bemerk kan word en wat hierbo bespreek is.

Verskeie kommentators (Esterhuyse, 2008; Kombuis 2008) meen dat die feit dat die UV-video veroordeel is deur ’n groot groep Afrikaanse organisasies, en die openbare debat wat gevolg het op die onthulling van die voorval, ’n teken is dat daar vordering gemaak is op die pad na ’n veroordeling van rassisme deur die meerderheid Afrikaanssprekendes.

Die meerderheid deelnemers aan die koerantdebat rondom die UV-video was wit. Hieruit sou moontlik afgelei kon word dat taal nie ’n sterk genoeg merker van identiteit was om bruin Afrikaanssprekendes te laat assosieer met wit Afrikaanssprekendes wat in ’n identiteitskrisis gedompel is deur die rassisme in hul geledere nie. Ras was dus moontlik ’n sterker merker van verskil. Die enkele bruin Afrikaanssprekendes wat wel tot die debat toegetree het, het daarop gewys dat die voorval opnuut wantroue tussen bruin en wit lede van die Afrikaanse taalgemeenskap na die oppervlak laat kom het. Die voorval is gesien as simptomaties van voortgesette rassisme van wit teenoor bruin Afrikaanssprekendes (Van der Berg 2008, Karriem 2008). Onder sommige kommentators was daar ’n gewilligheid om te aanvaar dat nie alle wit Afrikaanssprekendes rassiste is nie (Karriem 2008), maar vir ander (Mda, 2008) was die UV-video net nog een in ’n lys van rassistiese voorvalle:

> O, jy kan dit nie rassisme noem nie, sê party. Die res van ons se monde val oop en ons wonder: het ons dit nie al voorheen gehoor nie? Ja, ons het.
>
> Toe ’n wit boer ’n swart werker met sy bakkie gesleep het totdat hy dood is.
>
> Toe ’n wit boer ’n werker geskiet het omdat hy gedink het dis ’n bobbejaan.
>
> Toe ’n wit boer gehelp het om sy swart werker vir die leeus te voer.
>
> Toe ’n wit tiener etlike kilometers van sy gemeenskap af na ’n informele nedersetting gery en vier swart mense, onder wie ’n drie maande oue baba, doodgeskiet het.

4. GEVOLGTREKKING

In verskeie opsigte stem die diskursiewe strategieë wat die Afrikaanse pers ingespan het in reaksie teen die rassistiese inisiasievideo van vier UV-studente (en in reaksie op die reaksie op die video) ooreen met die strategieë wat destyds gebruik is in reaksie op die MRK-verslag op rassisme in die media. Verskeie voorbeelde kon gevind word waar daar gepoog is om rassisme te verplaas van die UV-studente of Afrikaners as ’n groep na ander oorsake, of om rassisme te relativeer deur te wys op viktimisasie en marginalisering van Afrikaners. Die media het sy eie aandadigheid in die skep van ’n klimaat waarbinne rassisme kan gedy, ontken of verswyg kan word. Slegs in enkele gevalle is hierdie aandadigheid aangetoon deur rubriekskrywers.

Waarskynlik die belangrikste simboliese moment in die sage was die uitreiking van ’n gesamentlike verklaring deur Afrikaanse kultuurorganisasies waarin die video veroordeel is. Hierdeur is ’n normatiewe baken opgerig waarmee die onaanvaarbaarheid van rassisme herbevestig is. Die ironie van die verklaring en die ondersteuning daarvan in die mediadiskoers is dat rassisme gesien is as iets wat *buite* die meerderheid Afrikaners se morele heelal lê, eerder as om die wortels daarvan te soek *binne* die Afrikanergemeenskap. Rassisme is vereenselwig met die *Ander* eerder as met die *Self*, en dit is grootliks gesien in individuele eerder as in groepsterme. Hierdie individualisering van rassisme kan geskakel word met die Afrikaanse media se herposisionering

van sigself binne 'n liberaal-demokratiese diskoers soos in die eerste afdeling van hierdie artikel beskryf.

Deur die boodskap '*ons is nie so nie*' oor te dra, het dit moontlik geword vir Afrikaanse mediakommentators om rassisme te verplaas of te relativeer. Hierdie *ver-Andering* ("othering") van rassisme het terselfdertyd vir Afrikaanse mediakommentators 'n morele staanplek voorberei vanwaar hulle weer sake van belang vir die Afrikaanse gemeenskap, soos gevoelens van marginalisering, viktimisasie en minderheidsregte, op die agenda kon plaas. Nietemin kon verskeie voorbeelde gevind word waarin Afrikaners wel kritiese introspeksie gepleeg het en 'n mate van kollektiewe skuld aanvaar het. In hierdie gevalle is die rol wat Afrikanerkultuur, die Afrikaanse media en Afrikaanse gesinne speel om 'n teelaarde vir rassisme te skep, krities beskou. Hierdie blyke van 'n kollektiewe verantwoordelikheidsgevoel onder Afrikaanssprekendes en die besef dat ernstige debat nodig is oor rassisme kan wel gesien word as 'n vordering op die ontkenningsdiskoers wat die Afrikaanse media se reaksie op die Mensregtekommissieverslag gekenmerk het. As sodanig blyk dit dat die keersy van vryheid van spraak, naamlik die verantwoordelike handhawing van menseregte, besig is om inslag te vind in die openbare debat in Afrikaans.

BIBLIOGRAFIE

Ads 24. 2000. *Afrikaans market survey*. Bemarkingsbrosjure, Naspers.

ANC 2008. The Voice of the ANC must be heard. *ANC Today* 18-24 January. http://www.anc.org.za/ancdocs/anctoday/2008/at02.htm [28 July 2008].

BCCSA (Broadcasting Complaints Commission of South Africa) 2008. Code of the BCCSA. http://www.bccsa.co.za/ [30 July 2008].

Beeld 2008a. Reitz-sluiting. *Beeld* 30 Mei. http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2008/05/30/B1/20/pkreitsubart.htm [7 Augustus 2008].

Bond, P. 2000. *Elite Transition: from apartheid to neoliberalism in South Africa*. Durban: University of Kwazulu-Natal Press/London: Pluto Press.

Botma, G. 2006. Sinergie as politiek-ekonomiese strategie by *Die Burger* (2004-2005). *Ecquid Novi* 27(2): 137-158.

Bourdieu, P. 1979. *Distinction. A Social Critique of the Judgement of Taste.* London: Routledge & Kegan Paul.

Chotia, F. & Jacobs, S. 2002. Remaking the presidency. In: Jacobs, S. & Calland, R. 2002. *Thabo Mbeki's World*. Scottsville: University of Natal Press, pp.145-161.

Cornelissen, A. 2008. Wat doen ons as ouers om nog Reitz-voorvalle te keer? *Beeld* 8 Maart. http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2008/03/08/B1/8/doenandries.html [7 Augustus 2008].

Dawie. 2000. Uit my politieke pen. *Die Burger* 26 Februarie. http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2000/02/26/14/2.html [4 Augustus 2008].

Die Burger 2008. Reitz-sluiting. 29 Mei. Die *Burger* 29 Mei. http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2008/05/29/SK/20/2sub29Mei08.html [8 Augustus 2008].

Du Plessis, T. 2008a Die brugbouers het ophou bou. *Rapport* 17 Maart http://152.111.1.251/argief/berigte/rapport/2008/03/17/RH/20/raakpunt16-3.html [7 Augustus 2008].

Du Plessis, T. 2008b. Hoe gemaak na die Reitz-skande? Kollektiewe skuld sal nie deug nie. *Rapport* 12 Maart. http://152.111.1.251/argief/berigte/rapport/2008/03/12/RH/16/raakpunt9-3.html [7 Augustus 2008].

Du Preez, M. 2008. Sê maar dit was jou ma? *Die Burger* BY 8 Maart. http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2008/03/08/BY/4/MaxReitz-500.html [7 Augustus 2008].

Du Toit, P. 2008. Reitz-video 'gaan lei tot stereotipering, spanning'. *Volksblad* 3 Maart http://152.111.1.251/argief/berigte/volksblad/2008/03/03/VB/11/pdtreitz4_1547.html [7 Augustus 2008].

Durrheim, K.; Quayle, M.; Whitehead, K.; Kriel, A. 2005. Denying racism: Discursive strategies used by the South African media. *Critical Arts* 19(1&2): 167-186.

Esterhuysen, W. 2008. Die olifant in ons sitkamer. *Rapport* 12 Maart. http://152.111.1.251/argief/berigte/rapport/2008/03/12/RH/17/RHNews014-001-StoryA.html [7 Augustus 2008].

Featherstone, M. 2007. *Consumer Culture and Postmodernism.* London: Sage.
Giliomee, H. 2008. Die uitdaging vir beter menseverhoudinge. *Die Burger* 20 Maart. http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2008/03/20/SK/21/hab20Mrt.html [11 Augustus 2008].
Goosen, J. 1990. *Ons is nie almal so nie.* Pretoria: Haum-Literêr.
Hall, Stuart [1973] 1980. 'Encoding/decoding'. In Centre for Contemporary Cultural Studies (ed.): *Culture, Media, Language: Working Papers in Cultural Studies, 1972-79* London: Hutchinson. pp. 128-38.
Johnson, K. & Jacobs, S. 2004. *Democratization and the Rhetoric of Rights: Contradictions and Debate in Post-Apartheid South Africa.* In: Nyamnjoh, F. & Englund, H. (eds) *Rights and Politics of Recognition in Africa*. London: Zed Books, pp. 84-102.
Jankielsohn, R. 2008. Partye moet nou aandag skenk aan toenemende polarisasie. *Volksblad* 20 Maart. http://152.111.1.251/argief/berigte/volksblad/2008/03/25/VB/11/jankielart.html [12 Augustus 2008]
Jordaan, W. 2008a. Die boosheid van die groep. *Rapport.* 18 April http://152.111.1.251/argief/berigte/rapport/2008/04/18/RU/2/wilhelom.html [7 Augustus 2008].
Karriem, K. 2008. Waarheid lê in dade, nie woorde nie. *Die Burger* 4 Maart http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2008/03/04/SK/12/hab4MRT.html [7 Augustus 2008]
Kombuis, K. 2008. Pas op, die duif in die Afrikaner is wakker! *Rapport* 7 Maart http://152.111.1.251/argief/berigte/rapport/2008/03/07/RU/8/kombuis.html [7 Augustus 2008].
Kriel, M. 2006. Fools, Philologists and Philosophers: Afrikaans and the Politics of Cultural Nationalism. *Politikon 33*(1), 45-70.
Mda, L. 2008. Van erg na veel erger met rassisme. *Rapport* 3 Maart. http://152.111.1.251/argief/berigte/rapport/2008/03/03/RH/16/stoep.html [7 Augustus 2008].
Media 24 (geen datum) Why the Afrikaans market. Bemarkingsvoorlegging in besit van die outeur.
Nyamnjoh, F.B. 2005. *Africa's Media – Democracy & the Politics of Belonging*. Pretoria: Unisa Press/ London & New York: Zed Books.
Painter, D. 2008. Ons behoort ons te skaam. *Die Burger* 8 Maart http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2008/03/08/BJ/5/desmondpainter-402-403-503.html [7 Augustus 2008].
Rapport 2008a. Ons is nie so nie. *Rapport.* 3 Maart. http://152.111.1.251/argief/berigte/rapport/2008/03/03/RH/1/reitzlead.html [7 Augustus 2008].
Rapport 2008b. Dade het gevolge. *Rapport* 17 Maart. http://152.111.1.251/argief/berigte/rapport/2008/03/17/RH/20/eenarts.html [7 Augustus 2008].
Rapport 2008c. Die Reitz-vier. *Rapport* 18 Maart. http://152.111.1.251/argief/berigte/rapport/2008/03/18/RH/1/reitzhoofart.html [7 Augustus 2008].
Rapport 2008d. Pollux. *Rapport.* 14 April. http://152.111.1.251/argief/berigte/rapport/2008/04/14/RH/21/pollux13-04.html [7 Augustus 2008].
Rossouw, A. (2001). Hoe gaan Afrikaans en ander minderheidstale in Suid-Afrika oorleef? Lesing gelewer by Klein Karoo Nasionale Kunstefees, Oudtshoorn http://www.oulitnet.co.za/seminaar/06arrie.asp [1Augustus 2008].
Sanef (South African National Editors' Forum) 2007. Bid for Johncom and other concerns. http://www.sanef.org.za/press_statements/675906.htm [28 July 2008].
Sanef (South African National Editors' Forum) 2008a. Concern at ANC President's attack on print media. http://www.sanef.org.za/press_statements/815940.htm [28 July 2008].
Sanef (South African National Editors' Forum) 2008b. Press Code of Professional Practice. http://www.sanef.org.za/ethics_codes/press_ombudsman/ [30 July 2008].
Schlemmer, L. 2001. Taaloorlewing en die glybaan van goeie gesindhede: 'n meningsopname en ontleding. In Giliomee & Schlemmer (reds.), *Kruispad: Die toekoms van Afrikaans as openbare taal.* Cape Town: Tafelberg, pp. 94-114.
Scholtz, H. 2008a Staak 'ja-maar-verskonings' –Danny Titus *Volksblad* 11 Julie. http://152.111.1.251/argief/berigte/volksblad/2008/07/11/VB/8/streitz.html [6 Augustus 2008].
Scholtz, H. 2008b. Die wyse magte sal wéér nie 'n Reitz kan keer. *Die Burger* 21 Junie. http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2008/06/21/BJ/3/BJNews005-StoryA-486-487.html [10 Augustus 2008].
Scholtz, H. 2008c. Die struggle vir apartheid in die Kovsie-republiek. *Beeld* 3 Maart. http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2008/03/03/BJ/6/beeld01kovsie.html [7 Augustus 2008].
Smith, C. 2008a. Regte Afrikaners staan op. http://152.111.1.251/argief/berigte/volksblad/2008/03/14/VB/8/gutenssss.html [7 Augustus 2008].

Smith, C. 2008b. SA is nie ál wat oor ras versmoor. *Beeld* 18 Maart. http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2008/03/18/B1/10/dlSmith.html.

Taljaard, R. 2008. Vermy nuwe strikke. Was saam wonde van die verlede. *Volksblad* 7 Maart. http://152.111.1.251/argief/berigte/volksblad/2008/03/07/VB/8/ranetee.html.

Theron, B. 2008. 'n Laaste vaarwel aan die 'hart en siel' van die UV. http://152.111.1.251/argief/berigte/volksblad/2008/08/05/VB/7/artikelblouwillem.html [7 Augustus 2008].

Titus 2008. Dié gesprek bly lank. Burgerlike samelewing sal nou moet help. *Volksblad* 8 Maart. http://152.111.1.251/argief/berigte/volksblad/2008/03/08/VB/8/tittusss.html [7 Augustus 2008].

Tomaselli, Keyan, Ruth Tomaselli & Johan Muller. 1989 (1987). The construction of news in the South African media. Keyan Tomaselli, Ruth Tomaselli & Johan Muller eds. *The Press in South Africa*. London: James Currey, pp. 22-38.

Tomaselli, K.G. 2000. South African media, 1994-7: Globalizing via political economy. In: Curran, J. & Park, M. 2000. *De-Westernizing media studies*. London: Routledge, pp. 279-292.

UV Digest. 2008. Die Universiteit van die Vrystaat kondig die sluiting van die Reitz-kamerwonings en die vestiging van 'n instituut vir diversiteit aan. http://www.ufs.ac.za/faculties/content.php?id=5812&FCode=Z4&NewsID=11 [4 Augustus 2008].

Van Coller, H.P. 2008. Kruppel van al die skuld. *Volksblad* 2 April. http://152.111.1.251/argief/berigte/volksblad/2008/04/03/VB/6/gm2.html [7 Augustus 2008].

Van der Berg, R-J. 2008. Hoe ek op 25 'n kleurling geword het. *Rapport* 21 Maart. http://152.111.1.251/argief/berigte/rapport/2008/03/21/RU/6/rjintegrasie.html [7 Augustus 2008].

Van Heerden, E. 2008. Die rituele Reitz. *Die Burger* 8 Maart. http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2008/03/08/BJ/7/Bysaaketienne-366.html [12 Augustus 2008].

Van Rooyen, M. 2008. Reitz-video: 4 só aangekla. *Beeld.* 6 Augustus. http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2008/08/07/B1/2/MIDATUM_1756.html [7 Augustus 2008].

Van Staden, C. 2008. Brief aan die video-makers. *Volksblad* 7 Maart. http://152.111.1.251/argief/berigte/volksblad/2008/03/07/VB/8/cvsmore.html [7 Augustus 2008].

Volksblad. 2008a. UV, DA, Volksblad kop in een mus? – VF+. 20 Maart. http://152.111.1.251/argief/berigte/volksblad/2008/03/26/VB/2/cdvryheidsfront.html [7 Augustus 2008].

Volksblad 2008b. Keditlhotse en Anna: Wat gaan aan, SA? *Volksblad* 11 Maart. http://152.111.1.251/argief/berigte/volksblad/2008/03/11/VB/6/art10.html [7 Augustus 2008].

Volksblad 2008c. VF Plus se leuenagtige ras-verklaring. *Volksblad* 26 Maart. http://152.111.1.251/argief/berigte/volksblad/2008/03/26/VB/8/art24a.html [7 Augustus 2008].

Volksblad. 2008d. Doodsboodskap: Wat sou u sê? *Volksblad* 24 Mei. http://152.111.1.251/argief/berigte/volksblad/2008/05/24/VB/8/artt23.html.

Volksblad. 2008e. Reitz: Billikheid jeens inwoners ontbreek. *Volksblad* 30 Mei. http://152.111.1.251/argief/berigte/volksblad/2008/05/30/VB/12/artt29.html [7 Augustus 2008].

Wasserman, H. 2005. Ready to adapt. *The Media*, Junie, pp. 21-23.

Wasserman, H. 2006. Globalized Values and Postcolonial Responses: South African Perspectives on Normative Media Ethics. *International Communication Gazette*. 68(1): 71-91.

Wasserman, 2009. Learning a new language: Culture, ideology and economics in Afrikaans media after apartheid. *International Journal of Cultural Studies* 12(1): 57-58.

Wasserman, H. & Botma, G. 2008. Having it both ways: balancing market and political interests at a South African daily newspaper. *Critical Arts* 22(1):1-20.

Wasserman, H. & A. S. De Beer 2005. A Fragile Affair: The Relationship between the Mainstream Media and Government in Post-Apartheid South Africa. *Journal of Mass Media Ethics* 20(2&3): 192-208.